

WoomaNet Magazine is a free monthly electronic publication, via Internet, from 'Active for Jesus' Media Mission, Wentworth Park, Krugersdorp, RSA.
 Postal Address: P.O.Box 628, Paardekraal, RSA, 1752 Tel: 27(0)11 660 2590 e-Mail: active@wooma.net Web: www.wooma.net
 The Ministry of 'Active for Jesus' Media Mission is mainly financed through voluntary donations.
 BANK DETAILS: Wooma.net, Nedbank, Branch Code: 198841, Acc.No: 1988 425 182

ON THE INSIDE - AAN DIE BINNEKANT

**WoomaNet Radio Hoogtepunte
WoomaNet Radio Highlights**

p2

Voetstappe (deur Rudie van Heerden)

-Goddelike Ingryping:

Deel 1, 2 & 3

p3 - p10

Plugged-In (Focus on the Family)

Movie Revue

P11

Media & Entertainment

p15



REDAKTEURSBRIEF - LETTER FROM THE EDITOR

Liewe Leser,

Wanneer hierdie "Magazine" die lewe sien (1 Junie 2010) is dit net etlike dae voor die afskop van die FIFA Werldbeker wat hierdie jaar in ons eie pragtige land aangebied word. Landswyd is 'n opgewondenheid te bespeur, al is dit nou oor verskeie redes. Wat my egter diep ongelukkig maak is die trant van 'n skrywe wat ek onlangs van iemand ontvang het, en ek haal dit (effe verkort) aan: "Ek het 'n probleem met die Fifa Werldbeker ding. Dit is nie van God af nie. Dit is 'n wereldse ding en die Woord is duidelik wat dit aanbetref...maar eerder 'n gebedsaksie in te stel en ons Here te vra om hierdie ding te stop. 'n Kind van God moet nie so iets ondersteun nie!"

Nou kom ek wees ook maar eerlik. Ek is geensins 'n groot "sokker" ou nie. Het nog nooit na 'n sokker wedstryd gaan kyk of moeite gedoen om dit te probeer verstaan nie (Daar is genoeg ander goed wat ek moet probeer verstaan!). My probleem met die persoon se skrywe is egter die negatiewiteit wat uitgestraal word. Matt.5 stel dit duidelik dat ons as Christen gelowiges LIG en SOUT moet wees, dus 'n positiewe invloed moet kan uitoefen. Die feite is dat die FIFA Werldbeker wel gaan plaasvind en dan ook verseker hier in ons eie land. Natuurlik is daar ook negatiewe aspekte wat daaraan gekoppel kan word, soos prostitusie, kinderhandel, drankmisbruik, verkwisting van geld, ens. Dit is reeds egter hier waar ons as Christen gelowiges ook 'n verskil kan maak. Ons kan (en moet) eerstens met GEBED begin. Vir God is niks onmoontlik nie. Dit wat deur bese misdadigers uitgebuit wil word, kan deur gebed kragteloos gemaak word en dus misluk (sonder dat die Werldbeker misluk!). Boonop is dit vir ons 'n GELEENTHEID. Dit is my gebed dat buitelandse besoekers nie net wereldklas sokker hier sal kom beleef nie, maar ook ware en opregte Christenskap; dat hul nie net sokkerhelde sal ontmoet nie, maar ook geloofshelde; dat hul lewens nie net deur die sokkerbelewens geraak sal word nie, maar deur 'n daadwerklike ontmoeting met Jesus Christus verander sal word.

Kom ons verenig in gebed vir al die christen uitreikaksies wat nou van stapel gestuur en oor die volgende paar weke aangebied word. Mag buitelandse besoekers Christus hier in ons eie Suid-Afrika kom raakloop en Hom saam met hulle huiswaarts neem. Wat 'n geleentheid!

Groetnis, **RUDIE VAN HEERDEN**

TRAVEL PLANS

A Joyful 'toon by Mike Waters



behold, now is the accepted time; behold, now is the day of salvation. - II CORINTHIANS 6:2 KJV



HOOGTEPUNTE / HIGHLIGHTS

Dr. John Piper's "The Sanctity of Life" is a new series that started already in May (these programmes are available in the WoomaNet Radio Archive) focusing on the much relevant issue of Abortion and a must for every young person and parent.

Vanaf 1 Maart word WoomaNet Radio se erediensboodskappe waargeneem deur Dr. Chris Saayman van Tafelberg Gemeente (NG), Kaapstad. Hy begin in Junie met 'n nuwe reeks oor die boek Prediker, so moet asseblief nie een van hierdie boodskappe misloop nie.

As of May WoomaNet Radio also features a series of programmes focusing on the FIFA Worldcup 2010, and will continue into July. So if Soccer is your Game, get stuck in there!

Gaan jy deur moeilike tye? Dan is Frank Retief se reeks programme: "The Christian in Hard Times" en "Voetstappe" se kort reeks: "Goddelike Ingryping" net vir jou bedoel.

Dr. Ramesh Richard's radio series, "Reach for Life", start in June with a question: DOES LIFE MAKE SENSE? Not to be missed!

Ons eie kinderprogram, deur Sunette de Klerk, begin in Julie op WoomaNet Radio. Vir elke program sal daar 'n lekker aktiwiteitsblad wees op WoomaNet Kids. Dis mos PRET!

All on WoomaNet Radio from June 2010.

www.wooma.net



FIFA WORLDCUP SOUTH AFRICA 2010

**An Opportunity to Reach
Precious People with the Love
of the Lord Jesus Christ**

www.theultimategoal.co.za



**The 3rd Lausanne Congress
on World Evangelization
16 – 25 OCTOBER 2010**



The year 2010 is not only an exciting year for South Africa because of the Soccer World Cup, but also because the Third Lausanne Congress on World Evangelization will be held in Cape Town, from 16 to 25 of October.

For the Christian church (the Body of Christ) this should be a far greater event than what the Soccer World Cup can ever dream to be. This conference can and will impact the lives of billions of people globally, for the present and for eternity.

To participate in the Global Conversation go to: www.lausanne.org.



Voetstappe word geskryf en aangebied deur Rudie van Heerden (Sendeling)



GODDELIKE INGRYPING Dele 1 - 3

DEEL 1: Die Storms in ons Lewe (& Storms van Omstandighede)

Liewe Leser, ek groet u weereens in die Naam van die Here Jesus Christus, ons Verlosser, Saligmaker en Leidsman. In hierdie 3 artikels gaan ons so 'n bietjie saam kuier in die boek van Markus, die 2de boek in die Nuwe Testament, maar ook die 2de boek van die 4 evangelies. Markus, een van Jesus se 12 Dissipels, stel in hierdie skrywe die wonders van Jesus sterker op die voorgrond as die woorde van Jesus, om sodoende die aandag te vestig op Jesus se Goddelike gesag. Nou, as ons oor Goddelike ingryping wil gesels is dit belangrik dat ons ook Jesus se Goddelike gesag verstaan en dit aanvaar, d.w.s dat ons dit sal glo. Dit is my gebed, en ek glo uit die diepte van my hart, dat hierdie 3 saamkuier-gesprekke jou sal bemoedig en jou opnuut opgewonde maak oor Jesus se teenwoordigheid en betrokkenheid in jou lewe.

Ons gaan saamlees uit hoofstuk 4 en wel vanaf vers 35 – 41. Maar kom ons bid eers saam: Hemelse Vader, ons nader U troon in die Naam van en onder die bloed van U Seun en ons Verlosser, Jesus Christus. Here, dankie vir U woord en die geleentheid wat ons ook vandag het om dit te kan oopmaak, daaruit te lees en deur U daarin onderrig kan word. U Woord is lewend en net so van toepassing vandag as wat dit wat toe Jesus hierdie aarde bewandel het en self hierdie woorde gespreek en hierdie wonderdade gedoen het. Here, ons weet en bely dat U ewigdurend en onveranderlik is en dat U gister, vandag en more dieselfde is. Seen dan nou ook hierdie tydjie saam en maak ons ontvanklik vir dit wat U ons vandag wil leer. Ons bid dit in die Naam van Jesus Christus, Amen.

Mar 4:35-41

- (35) *En toe dit aand geword het op daardie dag, het Hy vir hulle gesê: Laat ons oorvaar na die ander kant.*
- (36) *En hulle het die skare verlaat en Hom, net soos Hy was, saamgeneem in die skuit; en daar was ook ander skuitjies by Hom.*
- (37) *En 'n groot stormwind het opgekom, en die golwe het in die skuit geslaan, sodat dit al vol wou word.*
- (38) *Maar Hy was agter op die skuit aan die slaap op die kussing. En hulle het Hom wakker gemaak en vir Hom gesê: Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?*
- (39) *En Hy het opgestaan en die wind bestraf en vir die see gesê: Swyg, wees stil! En die wind het gaan lê, en daar het 'n groot stilte gekom.*
- (40) *Toe sê Hy vir hulle: Waarom is julle so bang? Hoe het julle dan geen geloof nie?*
- (41) *En 'n groot vrees het hulle oorweldig, en hulle het vir mekaar gesê: Wie is Hy tog, dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam is!*

Fokuspunte:

Vers 35 – Jesus se “kom ons vaar oorkant toe”. Dis Sy opdrag. Dis binne Sy wil. Nie buite Sy wil nie.

Vers 38 – Jesus was daar, in hulle midde. Hulle was nie sonder Jesus nie. Hulle was Sy vriende en navolgers. Hulle het 'n verhouding met Hom gehad en Hom teen daardie tyd al redelik goed geken. Nogtans het dit met hulle op daardie oomblik redelik sleg gegaan.

Vers 40 – Jesus wys hulle daarop dat hulle bang was, al was Hy by hulle en het hulle geweet dat Hy wonderwerke kan doen. Hulle het self al hoeveel gesien.

Vers 41 – Eweskielik besef hulle dat hulle nie werklik weet met wie hulle hier te doen het nie.

Hou dit wat ek nou met jou gedeel het in jou agterkop. Moet dit nie vergeet nie, want nou gaan ons net gou vir 'n paar oomblikke oor 'n paar ander relefante dinge gesels.

Die natuur bevat magtige elemente wat ons as mens eintlik geen weerstand teen het nie.

Elemente soos water, wind en vuur. Gaan vra maar vir iemand wat van hierdie elemente al in hul onstuimigste vorm beleef het. Water, wind en vuur is byna onstuitbaar en kan geweldige skade aanrig en lewens vernietig. Dink maar net aan die pad van verwoesting en dood wat deur 'n orkaan soos Katrina agtergelaat word, en daar is niks wat die mens met al sy kennis, tegnologie en ervaring daaraan kan doen om dit te stuit nie. Die beste wat ons nog in kon slaag as 'n verweer, was om soveel as moontlik mense en dinge uit die pad van verwoesting te verwyder. Onthou jy nog hoe verbysterd die wereld was na die tsumamie van Desember 2005? Wie van julle onthou nog die vernietigende bosbrande wat nie te lank gelede nie aan die Amerikaanse kus gewoed en bosse, plantasies, landerye, huise en selfs klein gemeenskappe vernietig het? Dink maar aan die geweldige aardbewings wat net noude dag Haiti getref en bykans uitgewis het. So 'n bietjie nader aan ons het ons onlangs weer bewus geword van die geweldige skade wat onbeheerste watermassas kan aanrig toe die Vaaldam se sluise oopgemaak moes word en groot gebiede, selfs dorpe en stede in die Vaaldriehoek, oorspoel is. Dit is nou maar net om 'n paar prominente gebeurtenisse te noem.

Tog lees ons in Genesis 1:31 - “Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.” Liewe luisteraar, God kon net hierdie woorde geuiter het as dit absoluut “perfek” was. Daar was geen “flaw” in Sy skeppingswerk nie. God het tot in die fynste “detail” alles perfek gemaak en daarmee saam ook Sy totale skepping in 'n perfekte natuurlike proses van seisoene, ens. geplaas. Ook hierdie proses was deel van Sy skeppingswerk en is ingesluit by Sy goedkeuring daarvan in Genesis 1:31. Ja, selfs jy het dit op skool geleer. Onthou jy nog die voedselketting, die watersiklus of waterketting? Kyk maar net na die sonsopkoms en -ondergang, die beweging van sterre en planete in hul wentelbane, die ontstaan van hoogdruk- en laagdrukstelsels, ens. God se totale skepping is in 'n perfekte ritme, in die fynste besonderhede geprogrammeer in die bedryfsagteware. God is nie net die Skepper van die “goed” nie, maar ook die Skepper van die prosesse en stelsels wat daarmee saamgaan, en Hy is nie alleen die Skepper daarvan nie, maar ook die onderhouer daarvan. Niks wat die mens nog op hierdie aarde gedoen het of nie gedoen het nie, het God se volle beheer oor Sy skepping enigsins beïnvloed nie. Hy is die God van die heelal en sal dit vir altyd wees. Vir die rede kan God die wind bestraf en vir die see se: “Hou op! Bedaar!”, en dan gaan le die wind en die see raak stil. Dan kan jy maar die dissipels beantwoord as hulle vra “Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?”. Met oortuiging kan jy dan verklaar: Hy is God, die Skepper van die heelal en die onderhouer daarvan, en daarom kan Hy in die natuur ingryp en sal dit Hom gehoorsaam. Daarom kan ons ons tot God wend en bid vir reen in tye van droogte. Daarom kan ons vir God vra om ons genadig te wees en ons dorp of huis of besittings en geliefdes te beskerm as die natuur onbeheerst dreig. Daarom kan ons vir God vra vir ingryping in omstandighede wat buite ons beheer is.....maar ons moet vra en erken dat Hy God is.

Storms dreig nie net in die lewens van mense wat ongehoorsaam aan die Here is nie. Die dissipels in die skuit was 100% gehoorsaam aan die Here en tog het 'n lewensgevaarlike

storm oor hulle gekom. Storms dreig nie net in die lewens van mense wat sonder God is nie. Jesus was in dieselfde skuit saam met hulle. Dit is ook nie net ongelowige mense wat te midde van storms vreesbevange raak en van God en Sy almag vergeet nie. Jesus spreek Sy dissipels aan as Hy se: “Waarom is julle bang? Het julle dan geen geloof nie?”

Hoe lyk die storm vandag in jou lewe?

'n Gebroke verhouding of dreigende egskeiding?

Bevind jy jou dalk te midde 'n finansiële krisis?

Is jy op die punt om jou werk te verloor / het dit verloor?

Was jy die slagoffer van misdaad?

Word jy onskuldig aangekla / beskuldig?

Is voortdurende droogte besig om jou oes tot niet te laat gaan en jou vee te laat vrek?

Het vloedwaters jou huis deurstroom, skade aangerig en kosbare items vernietig?

Het jy 'n geliefde, staatsmaker of beste vriend / vriendin aan die dood moes afstaan?

Hoe lyk die storm vandag in jou lewe?

Liewe vriend, as jy die Here ken en Hom aangeneem het, is Hy op hierdie oomblik saam met jou in jou lewensboudjie. Moenie vreesbevange wees nie, maar vertrou Hom en praat met Hom. Hy is God, die Skepper van die heelal en die onderhouer daarvan. Hy kan ook die storm in jou lewe stilmaak, vandag.

DEEL 2: Geestelike Storms in ons Lewe

Liewe Leser, ons kuier vandag verder rondom die onderwerp van “Goddelike Ingryping” en wil ek vandag so 'n bietjie fokus op die Geestelike storms in ons lewe. In Deel 1 het ek ook die boodskap probeer deurbring dat God se skeppingswerk nie net uit die materiele dinge of “goed” bestaan nie, maar dat Hy ook die natuurlike prosesse of stelsels daarmee saam geskep het. Omdat God se totale skepping goed is, laat God Sy skepping toe om sy natuurlike gang te gaan, terwyl God se hand daarop hou, d.w.s dit onderhou. Vir 'n storm om op te steek en te woed is heel natuurlik. Dit is deel van die natuurlike proses of stelsel, en die mens met al sy wysheid, tegnologie en ervaring is nie by magte, of het nie die vermoë, om dit enigsins te verander nie. Waar daar egter met die natuurlike prosesse geïnterfeer word tot 'n mate waar daar drastiese verandering plaasvind, het ons met 'n onnatuurlike situasie te doen en verwys ons daarna as 'n “wonderwerk” wat gebeur en kan net toegeskryf word aan Goddelike ingryping. Ons skrifgedeelte laasweek in Markus 4, vanaf vers 35, het gehandel oor Jesus wat die storm stil gemaak het. Natuurlik is daar heelwat ander voorbeelde ook in die Bybel van sulke Goddelike ingryping. Dink maar aan die pad wat die Here deur die see gemaak het vir die Israeliete om deur te trek. Dan is daar die manna en die kwartels; die water uit die rots in die woestyn; die bitter water by Mara wat soet geword het; ens., ens.

Vandag gaan ons uit die woord van die Here verder saamlees uit die boek van Markus, hoofstuk 5, vanaf vers 1. Kom ons bid eers saam:

Hemelse Vader, U woord is vir ons so kosbaar en ontsluit vir ons soveel wysheid en kennis van U, die Skepper van hemel en aarde. Dankie dat ons ook nou kan leer dat selfs die ontembare natuur aan U gehoorsaam is, maar dat U ook die storms in ons lewens wil stilmaak, as ons U net sal toelaat. Here, spreek deur U woord en Gees ook vandag tot ons en laat U Naam verheerlik word. Ons bid dit in Jesus Naam, Amen.

Mar 5:1-20

- (1) *En hulle het aan die oorkant van die see gekom in die land van die Gadaréners.*
- (2) *En toe Hy uit die skuit gaan, kom daar dadelik uit die grafte Hom tegemoet 'n man met 'n onreine gees,*
- (3) *wat sy verblyf in die grafte gehad het. En niemand kon selfs met kettings hom bind nie;*

- (4) *want hy was dikwels met voetboeie en kettings gebind, en die kettings is deur hom uitmekaar geruk en die voetboeie stukkend gebreek; en niemand was in staat om hom te tem nie.*
 - (5) *En altyd, nag en dag, het hy aangehou om te skreeu op die berge en in die grafte en homself met klippe stukkend te slaan.*
 - (6) *En toe hy Jesus van ver af sien, hardloop hy en val voor Hom neer*
 - (7) *en skreeu met 'n groot stem en sê: Wat het ek met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God? Ek besweer U by God om my nie te pynig nie.*
 - (8) *Want Hy het vir hom gesê: Onreine gees, gaan uit die man uit!*
 - (9) *En Hy vra hom: Wat is jou naam? En hy antwoord en sê: Legio is my naam, want ons is baie.*
 - (10) *Toe smeeek hy Hom dringend om hulle nie uit die land weg te stuur nie.*
 - (11) *En dáár teen die berge het 'n groot trop varke gewei,*
 - (12) *en al die duiwels het Hom gesmeek en gesê: Stuur ons in die varke, sodat ons in hulle kan vaar.*
 - (13) *En Jesus het hulle dit dadelik toegelaat; en die onreine geeste het uitgegaan en in die varke gevaar, en die trop—daar was omtrent twee duisend—het van die krans af in die see gestorm en in die see verdrink.*
 - (14) *En die wagers van die varke het gevlug en dit in die stad en in die buitewyke vertel; en hulle het uitgekóm om te sien wat daar gebeur het.*
 - (15) *Toe kom hulle by Jesus en sien die besetene sit, gekleed en by sy verstand—die een wat die legioen gehad het. En hulle was bevrees.*
 - (16) *Die wat dit gesien het, vertel toe aan hulle hoe dit met die besetene gegaan het, en ook van die varke.*
 - (17) *En hulle het Hom begin smeeek om weg te gaan uit hulle gebied.*
 - (18) *En toe Hy in die skuit klim, het die man wat van die duiwels besete gewees het, Hom gesmeek om by Hom te kan bly.*
 - (19) *Maar Jesus het hom dit nie toegelaat nie, maar vir hom gesê: Gaan na jou huis na jou mense toe, en vertel hulle watter groot dinge die Here aan jou gedoen het, en dat Hy jou barmhartig was.*
- En hy het weggegaan en in Dekápolis begin verkondig watter groot dinge Jesus aan hom gedoen het, en almal was verwonderd.*

Voordat ons verder hieroor gesels wil ek graag net 'n gedagte by u laat wat opgeteken is in die laaste gedeelte van vers 19. Kom ons lees die vers net weer saam: “*Gaan na jou huis, na jou mense toe, en gaan vertel vir hulle wat die Here alles vir jou gedoen het en dat Hy jou jammer gekry het.*” Die gedagte wat ek by u wil laat is die woorde: “...dat Hy jou jammer gekry het.”

Onthou die totale mens is deel van God se skepping. Om die waarheid te se, die Bybel leer ons “die mens is die Kroon van God se skepping” en toe God die woorde in Gen.1:31 spreek: “...en dit was baie goed” was die totale mens, liggaam, siel en gees, daarby ingesluit. Die mens se natuur was om in perfekte verhouding en harmonie met God en Sy skepping te leef. Met die sondeval, toe die mens gekies het om teen God se wil in te gaan, het hy eintlik onnatuurlik opgetree, teen sy eie natuur in en daarmee vir homself 'n nuwe onnatuurlike natuur aangeneem, waarna die Bybel dan ook verwys as ons “sondige natuur”. Sederdien word elke mens, ek en jy ingesluit, met daardie sondige natuur gebore. Ons word in sonde ontvang en gebore, totaal en al teenstrydig met ons oorspronklike natuur. 'n Eksterne bese onnatuurlike ingryping, deur Satan self, in die perfekte natuur van die mens, het dus 'n onnatuurlike gevolg vir die mens gehad, van geslag tot geslag. Geen menslike poging om hierdie onnatuurlike toestand te verander was nog ooit suksesvol nie. Geen goeie daad kon die mens nog ooit weer in perfekte verhouding en harmonie met God en Sy skepping bring nie. Tog smag die mens daarna om weer in 'n verhouding en in harmonie met God te leef, en waar alle ander menslike pogings gefaal het, het die mens sy eie gode en godsdienste geskep in 'n poging om weer een met God te word. En net soos God Sy perfekte skepping

instandhou, net so werk Satan ook hard daaraan om sy onnatuurlike skepping van afvalligheid van God, wat hy deur sy leuns en bese verleiding in die mens tot stand gebring het, ook instand te hou. God het geweet slegs Sy bonatuurlike ingryping as Skepper, in die stormagtige onnatuurlike sondige natuur van die mens, sal ons oorspronklike natuur weer vir ons kan teruggee en daarmee saam ons verhouding en harmonie met die enigste ware en lewende God, die Skepper van hemel en aarde. God kom self, as die Seun van God, Jesus die Christus, die beloofde Messias, die Verlosser, om die mens te kom vrykoop van:

1. sy onnatuurlike bestaan buite 'n verhouding en harmonie met God.
2. die bese houwas wat Satan op die onnatuurlike sondige natuur van die mens het.
3. die gevolge van sy onnatuurlike sondige natuur, naamlik die ewige dood.

God kom self om:

1. die verhouding met en harmonie tussen mens en God te herstel.
2. dit weer vir die mens moontlik te maak om sy oorspronklike perfekte natuur, soos God dit aanvanklik bedoel en geskep het, terug te ontvang.
3. vir die mens weer hoop en 'n ewige lewe te gee.

Onthou jy nog die woorde soos opgeskryf in Johannes 3 : 16? “Want so lief het God die wereld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan he.”

God het dit gedoen, maar die keuse bly joune. Jy kies vandag om voort te gaan in jou onnatuurlike sondige natuur, of om terug te keer na die oorspronklike perfekte natuur waar jy weer in 'n verhouding en harmonie met die Skepper God sal wees.

Die besetene van Gerasa het tussen grafte gebly en hulle moes hom dikwels met voet- en handboeie vasmaak. Hy was dag en nag aan die skreeu en het homself met klippe gekap. Sy haglike toestand was totaal en al onnatuurlik. Satan en sy trawante, baie van hulle, het die onnatuurlike natuur van hierdie man met alle ywer instand gehou. In vers 6 lees ons egter dat hy Jesus al van ver af sien aankom het en na Jesus toe gehardloop het. Hy het gekies om na Jesus toe te gaan. Toe hierdie arme man in die teenwoordigheid van die lewende God, die Skepper van hemel en aarde kom, het God die bevrydingswerk gedoen en die man se onnatuurlike natuur verander na die natuurlike. As mens is hy wedergebore in die oorspronklike perfekte natuur in, wat in God se woorde “goed” is, en vind ons hom sit aan die voete van Jesus, met sy klere aan en by sy volle verstand.

Hoe lyk jou natuur vandag? Woed daar ook in jou 'n geestelike storm soos in die man van Gerasa? God het dit reeds alles vir jou gedoen. Hardloop ook, soos die besetene van Gerasa, na Jesus toe en kom in die teenwoordigheid van die lewende God, jou Skepper en word bevry. Word weer gebore in die perfekte natuur wat God oorspronklik ook vir jou in gedagte gehad het, in 'n verhouding en in harmonie met God.

Gaan dan ook na jou huis, na jou mense toe, en gaan vertel vir hulle wat die Here ook vir jou gedoen het. Dat Hy jou nie verstoot en veroordeel het nie, maar dat Hy jou jammer gekry het en die geestelike storm in jou lewe stil gemaak het.

AMEN.

DEEL 3: Fisiese Storms in ons Lewe

Liewe Leser, ek vertrou dat dit wat ons sover al gedeel het vir jou bemoedigende pitkos was en dat ons ook saam, met verwondering, meer kon leer van God se almag, maar ook Sy onvoorwaardelike liefde vir ons as gevalle mense. Ons gaan vandag dus nog weer vir oulaas 'n bietjie stilstaan by hierdie onderwerp, as ons gesels oor God se ingryping ook in die fisiese storms in ons lewe. Ons kuier nog steeds saam in die boek van Markus en vandag lees ons verder daar in hoofstuk 5 en wel vanaf vers 21 tot en met vers 42. Kom ons sluit die oe en roep die Here aan:

Ons Vader wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word. Laat u Koninkryk kom. Laat U wil geskied hier op aarde, net soos dit in die hemel geskied. Here, leer ons en help ons om U ten volle te vertrou in alles wat ons 'n behoefte aan mag he, te alle tye en in alle omstandighede. Help ons om ons medemens te sien soos U hulle sien en nie veroordelend op te tree teenoor hulle nie, maar in liefde na hul uit te reik, net soos U ook vir ons gedoen het. Lei ons ook op U pad van geregtigheid en bewaar ons teen die aanslae en verleiding van die bose, want U is die almagtige God, die Skepper van hemel en aarde, vir wie niks onmoontlik is nie. Ons loof en prys U, o Heer, tot in alle ewigheid. Amen.

Mar 5:21-42

- (21) *En toe Jesus weer in die skuit oorgevaar het na die ander kant, het 'n groot menigte by Hom vergader. En Hy was by die see.*
- (22) *En daar kom een van die owerstes van die sinagoge met die naam van Jairus; en toe hy Hom sien, val hy aan sy voete neer*
- (23) *en smeek Hom dringend en sê: My dogtertjie is op haar uiterste; kom lê haar die hande op, sodat sy gesond kan word, en sy sal lewe.*
- (24) *En Hy het saam met hom gegaan. En 'n groot menigte het Hom gevolg en Hom verdring.*
- (25) *En 'n sekere vrou wat twaalf jaar lank bloedvloeïing gehad het*
- (26) *en veel onder baie geneeshere gely en al haar besittings uitgegee het sonder om enige baat te vind, maar eerder erger geword het,*
- (27) *het van Jesus gehoor en onder die skare van agter gekom en sy kleeed aangeraak;*
- (28) *want sy het gesê: As ek maar sy klere kan aanraak, sal ek gesond word.*
- (29) *En dadelik het die fontein van haar bloed opgedroog, en sy het aan haar liggaam bemerk dat sy van haar kwaal genees was.*
- (30) *En dadelik toe Jesus in Homself die krag gewaarword wat van Hom uitgegaan het, draai Hy Hom om onder die skare en sê: Wie het my klere aangeraak?*
- (31) *En sy dissipels antwoord Hom: U sien dat die skare U verdring, en U sê: Wie het My aangeraak?*
- (32) *Toe kyk Hy rond om haar te sien wat dit gedoen het.*
- (33) *Die vrou, wat gevrees en gebeef het omdat sy wis wat met haar gebeur het, kom toe en val voor Hom neer en vertel Hom die hele waarheid.*
- (34) *En Hy sê vir haar: Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede en wees van jou kwaal genees.*
- (35) *Terwyl Hy nog spreek, kom daar mense van die owerste van die sinagoge se huis en sê: U dogter is dood. Waarom val u die Meester nog lastig?*
- (36) *Maar dadelik, toe Jesus die woord hoor wat gespreek is, sê Hy vir die owerste van die sinagoge: Moenie vrees nie; glo net.*
- (37) *En Hy het niemand toegelaat om saam met Hom te gaan nie, behalwe Petrus en Jakobus en Johannes, die broer van Jakobus.*
- (38) *En Hy kom in die huis van die owerste van die sinagoge en sien 'n rumoer: mense wat baie ween en huil.*
- (39) *En toe Hy binnegaan, sê Hy vir hulle: Waarom gaan julle so te kere en ween julle? Die kind is nie dood nie, maar slaap.*
- (40) *En hulle het Hom uitgelag. Maar Hy het almal uitgedryf en die vader van die kind saamgeneem en die moeder en die wat by Hom was, en ingegaan waar die kind lê.*
- (41) *Toe gryp Hy die hand van die kind en sê vir haar: Talíta, koemi! wat, as dit vertaal word, beteken: Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!*
- (42) *En die dogtertjie het dadelik opgestaan en begin rondloop, want sy was twaalf jaar oud. En hulle was uitermate verbaas.*

Die gedagte wat ek vandag by jou wil laat om deurlopend in jou agterkop te hou terwyl ons gesels is die woorde in vers 34: "Daarna se Hy vir haar: 'Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede. Wees vir goed van jou kwaal genees!'"

In Deel 1 het ons gefokus op God se alvermoe om te skeep, Sy skepping in stand te hou, maar ook in Sy skepping in te gryp. In Deel 2 was ons fokus op God se alvermoe om ook in ons geestelike lewe in te gryp, want Hy is ook die skepper daarvan. Vandag staan ons vir 'n paar oomblikke stil by God se alvermoe om ook ons fisiese liggame aan te raak en verandering te weeg te bring.

Alle mense oor die eeue heen tot vandag toe, ek en jy ingesluit, word siek. Ek weet van geen mens wat nog nooit siek was nie. Ja, verseker was sommige al baie sieker as ander, selfs tot die dood toe siek, maar vir alle mense is siekte deel van ons aardse bestaan. Of dit nou 'n goeie kopverkoue is of 'n terminale siekte, iewers was ek en jy en almal al siek. Om siek te word, of nie, is NIE 'n keuse wat ons kan maak nie. Om die waarheid te se het ons bykans geen beheer daaroor nie, maak nie saak hoe gesond jy leef nie. Dieselfde met die dood. Jy het 'n 100% waarborg dat jy een of ander tyd sal doodgaan. Geen gewone mens kon nog ooit daarin slaag om daardie waarborg ongeldig te maak nie. Net soos siekte is dood ook nou maar eenmaal deel van ons aardse bestaan. Dit is nie iets wat verhoed kan word nie en dus, binne hierdie huidige wereld of bestel waarin ons ons bevind, is dit dus eintlik heel natuurlik. Daar is niks onnatuurlik daaraan om siek te word of dood te gaan nie. Ja, in seker gevalle kan die oorsaak van die dood onnatuurlik wees, soos bv. as gevolg van misdad, maar dit beteken nie dat daardie persoon of persone nooit sou doodgaan nie. Die dood is vir hulle net so bestem soos vir enige ander mens, maar dit nou eers daar gelaat.

Tot 'n mate laat God die mens toe om self beperkte ingryping toe te pas in sekere siektetoestande of -gevalle. God het vir die mens die verstandelike vermoee gegee om sekere kennis in te win en toe te pas ten einde sekere siektetoestande te kan behandel. Ons almal het ervaring daarvan, want wie was nou nog nooit by 'n dokter of in 'n apteek nie? Sommige van ons het ook al die ervaring gehad van hospitalisasie en moontlik ook 'n operasie ondergaan, hoe groot of klein ookal. Hierdie tipe ingryping deur mense, wat ook deur God moontlik gemaak en toegelaat word, het egter sy grense of beperkinge. Selfs die beste mediese spesialiste sal erken dat daar 'n beperking aan hul vermoens is en dat daar al in vele gevalle aan die geliefdes van 'n ernstige siek persoon die nuus oorgedra moes word dat menslik- en mediesgesproke daar niks meer is wat vir die pasient gedoen kan word nie. Is dit egter die einde van alles?

Ons lees hier in Markus 5 van 'n vrou wat al 12 jaar lank aan bloedvloeiing ly. Ons lees ook dat daar wel deur mense, of dan dokters, ingegryp is ten einde die vrou te probeer help. Hulle moes alles wat menslik moontlik was alreeds probeer het, want dit blyk ook dat dit haar deur die jare finansiell omtrent uitgeroei het. Elke moontlike behandeling is alreeds probeer en betaal. Daar het egter geen verbetering gekom nie. Om die waarheid te se dit lyk of haar toestand net vererger het. Die dokters het moontlik vir haar ook al gese: "Mevrou, ons is jammer om u mee te deel, maar daar is niks wat ons verder nog vir u kan doen nie. Dit is nou net 'n kwessie van tyd". Sy kon nie verder haar vertrouwe of hoop op mense plaas nie, en dan beskik die Here dit so dat sy in die teenwoordigheid van haar Skepper kom, en op daardie oomblik weet Sy dat niks vir Hom onmoontlik is nie en dat Hy, en slegs Hy wat haar in haar moederskoot met liefde en sorg gevorm het, die vermoee het om op bonatuurlike wyse in die natuurlike in te gryp en die omstandighede te verander. Haar oortuiging daarvan is op daardie oomblik so groot dat sy besef dat selfs net Sy aanraking voldoende sal wees, al word daardie aanraking van haar kant af geïnisieer. Stadig beweeg sy van agter af nader aan Hom tot sy met haar hand net Sy klee kan aanraak en dadelik het die bron van haar bloedvloeiing opgedroog, en kon sy aan haar liggaam agterkom dat sy van haar kwaal genees is.

Die dood is egter 'n heel ander kwessie. Oor lewe of dood beslis God. Ja, natuurlik is daar heelwat gevalle bekend waar mediese ingryping 'n persoon se lewe gered het nadat hy/sy 'n hartstilstand gehad het, of iets soortgelyks. Dit is egter ook bekend dat so 'n ingryping onmiddelik of spoedig moet plaasvind ten einde enigsins potensiele sukses te kan he, en

sels dan is die kans op sukses beperk tot dit wat God toelaat. Tot op hede is daar geen rekord van enige suksesvolle ingryping van die aard waar 'n persoon alreeds vir 'n geruime tyd oorlede is nie. In Markus 5 lees ons egter van die dogtertjie van Jairus wat oorlede is terwyl hy moontlik nog oppad na Jesus toe was, of dalk net kort na sy aankoms daar. Weens die teenwoordigheid van 'n groot skare mense kon Jesus nie vinnig na Jairus se huis toe beweeg nie. Die mense het Hom letterlik toegesak en teen Hom gestamp en druk. In hierdie bykans gaos het die vrou waarvan ons vroeër gepraat het haar genesing van Hom ontvang en het Jesus gestop om met haar te praat. Terwyl Hy besig was om met haar te praat het die nuus gekom dat Jairus se dogtertjie dood is. Jesus het Hom egter nie daardeur laat ontstel nie en eers die vrou toegelaat om haar geskiedenis klaar te vertel. Daarna het Hy slegs 'n handjie vol van Sy volgelingen gekies om saam met Hom verder te gaan. Nerens lees ons dat Hy toe spoedig na die huis van Jairus gegaan het nie. Ons lees wel dat met Sy aankoms daar, daar al 'n hele gedoente van mense in die huis was wat verskriklik gehuil en te kere gegaan het. Daaruit moet ons ook aflei dat 'n geruime tyd al verloop het sedert die dogtertjie se afsterwe. Nog tyd is ingeneem deur Sy poging om die mense uit die huis uit te kry. Toe Hy uiteindelik in die kamer kom neem Hy haar hand in Syne en se vir haar om op te staan. Dadelik het die dogtertjie opgestaan en begin loop. Sy was 100% genees en het gelewe. Weereens het God die Skepper van alle lewe op bonatuurlike wyse in die natuurlike ingegryp en die omstandighede verander.

Vir God is niks onmoontlik nie, maar beteken dit dat God in alle gevalle altyd ingryp en genees of uit die dood opwek? Ons almal sal met oortuiging kan getuig: Nee! Maar waarom dan nie? In hierdie drie programme het ons gefokus op die almag van God en Sy, slegs Sy, vermoee om op bonatuurlike wyse in die natuurlike in te gryp ten einde omstandighede te verander. So het ons ook tot die oortuiging gekom daarvan. Ek kan dus op God vertrou te alle tye en in alle omstandighede. Moet ek Hom nie dan ook ten volle vertrou om die finale besluit te neem ten opsigte van genesing, lewe of dood nie? Wie weet beter as Hy? Wie weet beter as die Een wat my en jou met liefde en sorg geskep het?

Onthou jy nog die woorde in vers 34 wat ek vroeër in hierdie program by jou gelaat het:

“Daarna se Hy vir haar: ‘Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede. Wees vir goed van jou kwaal genees!’”.

In Sy getrouheid het God dit vir my en vir jou en vir alle ander mense gedoen in Jesus Christus. As God dus nie in hierdie lewe genees of uit die dood uit opwek nie, het Hy ons geensins gefaal nie. Hy het deur en in Jesus Christus vir ons volle genesing gebring, maar ook die ewige lewe... en vrede in Sy teenwoordigheid. Dogter, jou geloof het jou gered. Glo in Jesus Christus en jy sal gered word. Kan God ook vandag vir jou se: “Jou geloof het jou gered? Amen.

Groetnis tot 'n volgende keer,
RUDIE VAN HEERDEN (Sendeling)
'Aktief vir Jesus' Media Sending
WoomaNet



'AKTIEF VIR JESUS' MEDIA SENDING
'ACTIVE FOR JESUS' MEDIA MISSION

Rudie van Heerden ~ Sendeling / Missionary

www.wooma.net

Posbus / PO Box 628 Paardekraal 1752 RSA ~ 27(0)11 660 2590 / 27(0)82 560 2980 ~ active@wooma.net



Robin Hood (Movie Revue)

Robin Hood wasn't always a merry man. And, really, what did he have to be merry about? He's been on his own since he was 6, finally finding a misshapen home in King Richard's army. There he saw the world—but mainly the bad parts, surrounded as he was by bloody battles and more death than the folks in CSI. And then, just because he tries telling King Richard an uncomfortable truth, the good king claps Robin and his friends in irons. Merry? Try miserable.

But when Richard dies, Robin finds his career has taken a new trajectory. He and his pals escape from the stocks and desert the army—trading in their "prisoner" job title for that of "vagabond." They quickly stumble upon a duplicitous ambush set up to kill the king. Since the king's already dead, the plot is less than successful, but Robin and his retinue manage to ambush the ambushers and grab the king's crown—which they see as their ticket back to England.

Robin proceeds to masquerade as one of the ambushed knights—a guy by the name of Robert Loxley—and returns the crown to London, where the evil Prince John slaps it on his own head. He apparently wants to become England's worst. King. Evar. Robin manages to escape London with his secret identity intact (apparently no one checked out the real Robert's Facebook status) and rides to Nottingham, where he's encouraged to keep up the facade, live in the Loxley hacienda and play husband to the feisty-but-strangely-attractive maid Marion. Once there, he finds the time to get to know some villagers, fret over the crops and mull over his strange childhood as a French army amasses to invade and—

Wait, wait, you say. This isn't the story of Robin Hood. This is a mash-up of Braveheart and As the World Turns. Where's the jaunty cap? The silly tights? The archery competitions? The whole "take from the rich, give to the poor" shtick?

Sorry, fellow moviegoers. Robin Hood proffers only one scene—one!—in which Robin Longstride acts like the Robin we know and don't quite love.

POSITIVE ELEMENTS: Robin Hood has long been, at some level, a critique of what it means to be "good" and "noble." Stories about the dashing thief rose to prominence in the days when powerful entities that should've protected the common folk—the state and the church—were sometimes doing everything they could to fleece them. Robin Hood operated outside the law because the lawmakers were corrupt and, true to his roots, this new Robin comes across as a swashbuckling antihero. In spite of his bad behavior, he still has a bit of

nobility about him that has nothing to do with his fabricated title.

When he's on duty in the army, he saves a lad from certain death at great risk to his own life. When he's off duty, he runs a shell game—one that he doesn't cheat at, much to the embarrassed bewilderment of a certain Mr. Little John. Robin tells the king what he thinks—making him in Richard's eyes brave, honest ... and painfully naive.

Once Robin and his riders escape from the army, Robin decides to honor the dying request of a knight and return the man's sword to his father—despite the fact that such a trip will put all their lives in peril. "We can't repay good luck with bad grace," he explains to his fellows. Once Robin hands the blade back, the blind father asks him to stay on as his surrogate son (and a protector to the village of Nottingham)—a duty Robin takes with somber responsibility. The ruse requires Robin to masquerade as Marion's husband ... but he makes no attempt to force himself on his new "wife" (who, admittedly, threatens to cut off his "manhood" if he tries).

Marion, too, shows a great deal of moxie: Her real husband has been gone for a decade, and her father-in-law is old and blind. By default, Marion (who's not very fond of embroidering anyway) serves for years as Nottingham's noble protector, chasing away thieves and petitioning the greater powers around her for much-needed grain. She cares for her people, and she shows a willingness and ability to do any task asked of her—no matter how dangerous or menial. In the end, she even (somewhat preposterously) takes up the sword to join her faux husband in battle.

SPIRITUAL CONTENT: For years, King Richard fought in the Holy Land to wrest Christendom's most sacred sites from the Saracens. Though we never see these battles in Palestine, Richard's crusade is clearly front-of-mind for the king and many of his soldiers. So it's no surprise when Richard asks Robin, "Will God be pleased with my sacrifice?" Robin says no. When Richard's forces massacred 2,500 Muslims, Robin knew that God had turned His back. Robin tells Richard that when he looked into a woman's eyes whom he was about to kill, he didn't see anger or fear there—only pity. "In that moment, we would be godless," Robin says. "All of us." Though our arrow-loving hero believes God may not love him anymore, Robin still shows devotion to Him—burying the dead beneath crosses and saying prayers for the departed, begging the Almighty to receive them.

Robin tells his cohorts that neither God nor man can keep them in the army. And when a priest chastises Marion for not coming to hear him speak, she says that she likes a "quiet church to pray for a miracle." Indeed, several characters say they pray for miracles. And their prayers are answered, the film suggests—but often through the characters' own efforts.

The Church ends up serving mostly as a foil, using means that run counter to biblical teaching. For instance: When Nottingham loses its grain to thieves—grain the village needs to

plant to survive—Marion asks the local friar to show some "Christian charity" and give them back some grain that's been tithed. The friar refuses, suggesting that the village's own sins will be the cause of its undoing. A new friar—the oft-drunk Friar Tuck—adheres to this policy at first. Then he reverses himself when Robin threatens to tell the king about his honey mead operation. So Tuck, Robin and Robin's men set out to steal the grain. "The Lord taketh ..." Tuck begins. "And we shall giveth back," Robin finishes.

Priests are killed and churches are ransacked by soldiers.

SEXUAL CONTENT: We see Prince John in coital relations with a lover. We—and John's wife, who peers through a keyhole—see movements and the side of the woman's breast. When John's mother barges in, he stands up in bed naked. (The camera catches him from the waist up.) Marion and Robin kiss. In a tender yet sensual scene, Marion helps him take off his armor, revealing his bare torso. Robin watches Marion undress behind a curtain, though when she's done "undressing," she's still (to our modern, jaded eyes) fully clothed. Marion mentions the short time she had, sexually, with her husband.

Characters ogle women who are sweaty and wearing ill-fitting, somewhat revealing peasant garb. A joke about bestiality is made, accompanied by a mocking sheep's bleat and a pelvic thrust. Little John's name is assumed by some to have an anatomical source. When a man seems intent on raping Marion, locking her in a room and starting to remove his clothes, she pretends to go along with him. ...

VIOLENT CONTENT: ...But instead she stabs and kicks him down.

Robin Hood is a war movie—Braveheart with all the violence but little of the gore. While we rarely see blood spatter or gush, plenty of folks die at the tips of arrows and spears, the blades of axes, the heads of hammers and the edges of swords. Explosions and boiling oil take out still more men. The battles are unrelenting, so much so that I couldn't even hazard a guess at how many folks die.

Here are a few examples I managed to pin to a tree with my speeding pen: Richard's skewered in the neck, near the shoulder, with an arrow. Another man is wounded by an arrow on the side of his face—widening the appearance of his mouth in an almost Joker-like fashion. He bears evidence of the nasty injury throughout the rest of the film—until, of course, a second arrow catches him in the neck. (It sticks out both sides like a hors d'oeuvre toothpick, killing him.) An old man is stabbed through the gut by a sword, and villagers are imprisoned inside a burning building. A man cuts himself while opening an oyster, dripping blood into the shell. Another man takes the bloodied oyster and slurps it down. A slew of soldiers are attacked by a bevy of bees.

CRUDE OR PROFANE LANGUAGE: A Frenchman uses the French word for "s---" after cutting himself with a knife. Characters misuse both God's and Jesus' names a couple of times each, utter the British profanity "bloody" and say things like "h---" and "b--tard."

DRUG AND ALCOHOL CONTENT: People—especially a priest—drink wine, liquor and honey mead, sometimes to the point of inebriation. Somebody asks what they drink in Nottingham to become "moderately insensible."

OTHER NEGATIVE ELEMENTS: Prince John backtracks on a promise he made to Robin and the English nobility—burning a forerunner to the Magna Carta under the pretext that the king's "God-given" right to rule can't be hemmed in by any man.

CONCLUSION: Throughout the centuries, Robin Hood has worn lots of different hats—a commoner's, a nobleman's, an insurrectionist's, a loyalist's, a thief's, a hero's. So maybe it's not so surprising that this film has a number of different faces to talk about.

Robin Hood, as a straight-up adventure movie, is a little disappointing. Director Ridley Scott seemed unsure whether he wanted to make a Braveheart-style epic or a salty summer popcorn flick—so the result is a mangled mesh into which both are woven. It's got loads of content, too—enough to make it a pretty hard PG-13 movie.

But I want to go just a touch deeper and look at the character of Robin Hood himself. Because, really, this beloved antihero should stir lots of questions in our hearts. Robin Hood is clearly a paradox—a hero who's a villain, a charitable soul who steals. We're asked to forgive his bad behavior because of his good intentions and, because the guy's been around so long, we do tend to forgive him—whether we should or not. His new incarnation is not so much a dapper thief as a national revolutionary—a champion of limited government and bureaucratic restraint. Robin would tell us that when rules are unjust, it's our responsibility to break them. And a lot of Americans would agree. After all, our entire country was founded on just such lawbreaking and rebellion. Still, it's good for us to treat such ideas, no matter how they resonate, with a certain amount of caution. And in that, Robin Hood—often despite itself—is a good reminder of one critical thing: Just because something feels right, it doesn't necessarily follow that it is.

GENRE: Drama, Action/Adventure, War

CAST

Russell Crowe as Robin Longstride; Cate Blanchett as Marion Loxley; Max von Sydow as Sir Walter Loxley; William Hurt as William Marshal; Mark Strong as Godfrey; Oscar Isaac as Prince John

DIRECTOR

Ridley Scott (Body of Lies, American Gangster, A Good Year, Kingdom of Heaven, Matchstick Men, Black Hawk Down, Hannibal, Gladiator)

DISTRIBUTOR

Universal Pictures

IN THEATERS

May 14, 2010

REVIEWER

Paul Asay


A Dance for Bethany: A film that aims to fight Human Trafficking

Human trafficking is the exploitation of human beings by selling them for sex, bonded labour or domestic servitude. It is currently the fastest growing money making scheme in the world. One can only sell drugs and guns once, but one can keep on selling a human being for years on end!

Human trafficking in South Africa is a very serious trans-national and global crime that takes place in and around borders of the country. The country has become a source, destination and transit country for human trafficking and related crimes as it is perceived in and outside the continent as the economic giant in Africa. Governments, businesses, NGO's and citizens everywhere have a responsibility to work together to address this modern-day slavery.

Humble Pie Entertainment aims to run an Anti-human trafficking campaign as they release their latest film 'A Dance for Bethany' that will improve and align co-ordination between governments and organizations that work in the pledge to fight trafficking. A network of 61 local and 38 international Anti-Human Trafficking organizations have been identified and invited to come along side **Humble Pie Entertainment**.

A Dance for Bethany tells an inspiring and compelling story of how one woman risks everything to help a sex trafficked victim out of the world of slavery and into a world with a future and a hope of fulfilling a childhood dream of becoming a real dancer. The fictional story based on true events and the reality of the sex trafficking market in today's US, the fictional Bethany Stevenson is iconic as a 12 year old runaway forced into sex slavery as a stripper and



prostitute. The film chronicles the struggle of reporter Abbey Fisher to free her own self from the

